


Persvrystelling April 2015:

Onder die kundige leiding van Markstudies en Statistiese Analise (MSSA) se navorsingsdirekteur, Schalk van Vuuren, is die resultate van die 2014 MSSA-navorsingsstudie oor kommersiële boere in Suid-Afrika onlangs vrygestel. Hierdie is die 17 de agtereenvolgende jaar dat die studie gedoen word. Die 2015 studie word tans beplan en deelnemers word uitgenooi om MSSA te kontak.

Volgens Schalk verskaf die navorsing inligting oor die profiel en behoeftes van kommersiële boere asook persepsies oor internetgebruik van dié boere in Suid-Afrika gedurende 2014. “Omdat die studie jaarliks gedoen word binne ‘n bestendige databasis, is dit moontlik om tendense te bepaal,” sê hy. Deelnemers kan hul eie vroe formuleer.

Resultate van vorige studies het getoon dat die gebruik van die Internet toegeneem het as ‘n inligtingsbron. ’n Hoë persentasie aktiewe boere, geraam op 84,5% boere, het rekenaars op hul plase, ‘n tendens wat jaar na jaar toeneem. Rekenaars word hoofsaaklik gebruik vir internettoegang, epos-kommunikasie en om BTW, belasting en finansiële prosesse te bestuur.



Wie is MSSA? Mark Studies en Statistiese Analise

Schalk het in 1994 die inisiatief geneem om MSSA te stig, nadat hy verskeie leierskapposities by vooraanstaande maatskappye beklee het. Hy was onder meer voorsitter van die Southern African Marketing Research Association (Samra).

Schalk is ’n geakkrediteerde Samra-navorsers en was ook die redakteur van die *Journal of Marketing Research in South Africa* vir Samra vir die afgelope twee jaar.

In sy persoonlike hoedanigheid is Schalk al vir langer as 16 jaar by omvattende landbounavorsing, veral ook oor kommersiële boere, betrokke en doen tans vir internasionale navorsingsmaatskapy in landbou, marknavorsing. Kontak 012 346 0718 of mssa2@mssa-research.co.za vir deelname in 2015 studie.